Date : January, 25 , 2010 Publication : Beeld Page Number : 11

# Tracker eis geld wat al betaal is

Mnr. Frik Blignaut het met sy klagte oor **Tracker** by ons kom aanklop.

"Tracker het my uit die bloute laat weet my rekening is drie maande agterstallig. Dis egter nie die geval nie en ek het my bankstate na hulle gestuur om hulle te wys wanneer ek betaal het.

"Maande later het ek nog niks van hulle gehoor oor die probleem nie. Daarna het hulle toe state aan my gestuur, maar van maande waarin daar niks fout was met die betalings nie."

*Tot u diens* het Blignaut se klagte na Tracker verwys. Hulle het sy rekening nagegaan en die fout is reggestel.